Magalieskruin Gemeente

"Liefde vir God en 'n Hart vir mense"

☎ 012 548 1245 🖷 086 535 4797 www.magalieskruin.com magaliesond@telkomsa.net

Program van die week **Datum: 10 Desember 2017**

10 DESEMBER 2017 – 7 JANUARIE 2018		
10 Desember 2017	**09:30** – Erediens - ***DOOP***	Ds. Alkmaar Swart
17 Desember 2017	**09:30** – Erediens	Ds. Corné Bootha
24 Desember 2017	**09:30** – Erediens	Ds. Louis Lemmer
25 Desember 2017 *KERSDAG*	**08:00** – Kersdiens **09:30** – Kersdiens	Ds. Johan Olivier
31 Desember 2017 *OUJAARSDAG*	**09:30** – Erediens **18:30** – Oujaarsdiens	Ds. Louis Lemmer
7 Januarie 2018	**08:00** - Oggenddiens **09:30** – Gesinsdiens **18:30** – Renaissance Diens	Ds. Johan Olivier

VAKANTE POS : JEUGWERKER

NG Magalieskruin beskik oor 'n vakante Jeugwerkerspos vanaf 1 Februarie 2018.

Vereistes:

- Primêre fokus sal wees om saam met Jeugleraar waarde toe te voeg tot bestaande Jeugbediening.
- Kwalifikasie – 2de en 3de jaar (2017) Teologiese Student en die aansoeker moet Afrikaans en Engels magtig wees.
- Die aansoeker moet ook 'n belydende Christen wees met opregte geloof in Jesus as die opgestane Here, behoudende teologie en gesonde menseverhoudings.

Inligting:

- Dit is 'n kontrakpos van 1 jaar, met minstens 23 ure werk per maand.
- Aansoeke moet vergesel word van 'n kort, skriftelike CV en drie verwysings moet die aansoek vergesel, insluitende een van jou huidige gemeente.
- Aansoeke en navrae: Ds. Corné Bootha, priester79@gmail.com, 012-548-0775/082 786 4834.
- 'n Uitgebreide posbeskrywing is op aanvraag beskikbaar by ds. Corné Bootha/die kerkkanttoor/ navraetoonbank Sondae.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Desember 2017.

LERAARSVERLOF

Die leraars is gedurende Desember afwisselend met verlof maar is beskikbaar volgens die aangeduide datums hieronder. Indien u 'n leraar dringend benodig, skakel asseblief met 'n beskikbare leraar.

ANKERWEEK	NAAM	KONTAKNOMMER
27 November - 8 Desember 2017	Ds. Lizette van Rooyen	084-690-1971
9 Desember – 10 Desember 2017	Ds. Alkmaar Swart	073-266-0196
11 Desember – 17 Desember 2017	Ds. Corné Bootha	082-786-5112
18 Desember – 31 Desember 2017	Ds. Louis Lemmer	082-929-0244
1 Januarie – 14 Januarie 2018	Ds. Johan Olivier	082-979-6552

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK

Al ons gemeentelike uitreike en aktiwiteite het reeds afgesluit.
Die program sal weer hervat in die nuwe jaar.

DIE KERKKANTOOR SLUIT OP 15 DESEMBER 2017 EN OPEN WEER OP 8 JANUARIE 2018.

Vanuit die Kerkkantoor bedank ons elke lidmaat vir liefde en geduld teenoor ons getoon die afgelope jaar. Ons wens u en u geliefdes 'n baie geseënde Kerstyd toe. Mag u die liefde van ons Hemelse Vader in hierdie tyd diep in u hart ervaar en uitdra na diegene rondom u. Reis veilig, wees veilig!

Kerkkantoorpersoneel.

BEDIENING NA BINNE

1. **NUWE INTREKKERS** – Ons verwelkom die volgende lidmate wat met bewys van lidmaatskap/attestaat na ons gemeente oorgekom het: Ellie Dorethea Maria **DU PLOOY**; David Marius **STEYNBERG**, Maria Magadalena VAN DER WALT (nou **STEYNBERG**) en dooplidmate Madeleine Catherine **STEYNBERG** en Daniël Cornelius **STEYNBERG;** Johann Fredrich **WINNERTZ.**
   Nuwe intrekkers wat nog nie aangemeld het nie, kan die nodige vorms en inligting Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor verkry.
2. **SIEKES EN BEPROEFDES** – U word hartlik uitgenooi om die kerkkantoor (012-548-1245), enige leraar of u wyksouderling te kontak indien u of u familielede siek is of gehospitaliseer word.
   A-Blok: Ds. Alkmaar Swart
   B-Blok: Ds. Corné Bootha
   C-Blok: Ds. Louis Lemmer
   D-Blok: Ds. Johan Olivier
   Ons wil vir u vra om vir die volgende persone te bid wat onder ons aandag gekom het:

Aiken, Br.	Pistorius, Hennie
Bezuidenhout, Bronwin	Rossouw, Etta
Bezuidenhout, Lauren	Rust, Paul
Briel, Leon	Shandoss, Chris
Brits, Rita	Snyman, Viaan
Cochrane, Tertius	Spies, Hester
De Villiers, André	Steyn, André
Franzsen, Ingrid	Strauss, Makkie
Gillespie, Pat	Swart, Minnie
Gräbe, Rina	Terblanche, Evelyn
Grib, Julius	Van der Merwe, Gert
Groenewald, Chris	Van der Merwe, Rina
Groenewald, Joan	Van Gerve, Ellen
Hanekom, Johanna	Van Molendorff, Carol
Jones, Martie	Van Niekerk, Anna
Krause, Katie	Van Niekerk, Bennie
Kruger, Anna	Van Niekerk, Joey
Lock, Lorraine	Vian, Frank
Mostert, Liezl	Victor, Willie
Oberholzer, Louis	Visser, Hennie
Oosthuizen, Ria	Zietsman, Madelein
Pienaar, Bets	

ADMINISTRATIEWE INLIGTING

- **Doop in 2017** – In Januarie 2018 is daar **geen** doopgeleentheid nie, daar is eers in Februarie 2018 weer. Om in **Februarie 2018** te kan doop, moet die doopgesprek wat op **17 Januarie 2018** plaasvind, bygewoon word. Doopregistrasie **MOET** vooraf by die kerkkantoor plaasvind. Registrasievorms is by die navraetoonbank of op ons webwerf beskikbaar. Kontak ds. Lizette van Rooyen (084-690-1971 of lizvanrooyen@gmail.com).
- **Koster** – indien u die koster benodig kontak die volgende nommer: **082-859-6638/082-852-9325**.
- **MAGALIESKRUIN NOODLYN – 060 661 1870** – Gemeentelede kan Isabel le Roux, ons Barmhartigheidsvoorsitter, by die bogenoemde nommer per sms of oproep kontak indien daar behoeftes is ten opsigte van kruideniersware, klere en maatskaplike krisisse. Versoeke word anoniem hanteer en bydraes word grotendeels uit ons klere- en koskamer voorsien.
- **Kaartmasjien** – Daar is Sondae by die navraetoonbank en in die week by die kerkkantoor 'n kaartmasjien beskikbaar indien lidmate daarvan wil gebruik maak vir bydraes of ander betalings.
- **Gemeente se bankbesonderhede**: NG Gemeente Magalieskruin-Pretoria, ABSA, Takkode 632005, Tjekrekeningnommer 090 590 537.
- **Facebook:** Magalieskruin Gemeente-Algemeen

LIDMATE SE LIEF EN LEED

- **Inligting oor lief en leed** – Alle gemeentelede word gevra om die kerkkantoor in kennis te stel van sterftes sowel as geboortes sodat ons met mekaar die hartseer en vreugde kan deel. Skakel die kerkkantoor weeksdae tussen 07:30 en 13:00, stuur 'n e-pos na magaliesond@telkomsa.net of meld dit Sondae by die navraetoonbank aan.
- **Lidmate ouer as 85** – Die volgende lidmate ouer as 85 verjaar in Desember/Januarie. Ons bid hulle die seën van die Here en goeie gesondheid toe:
  - Ben McDonald van die Renaissance word op 11 Desember 93 jaar oud.
  - Pieter Jordaan van Veda Levanté word op 25 Desember 88 jaar oud.
  - André de Villiers van Zambesi Aftree-Oord word op 29 Desember 89 jaar oud.
  - Katie Krause van Twee Riviere Aftree-Oord word op 6 Januarie 96 jaar oud.
  - Hester McDonald van die Renaissance word op 9 Januarie 86 jaar oud.
  - Mary Heunis van Vleivalkstraat word op 10 Januarie 86 jaar oud.

ONS BENODIG DIE VOLGENDE

- **Araratgebou aanbouings** – Ons wil almal bedank wat al tot hierdie projek bygedra het. Ons benodig nog 2 000 heel stene om mee te bou.
  Kontak gerus vir Johan Ackerman (082-472-2153) vir verdere inligting en afhaal van items.
- **Lerato La Mme Kleuterskool** – Hierdie kleuterskool in Hammanskraal benodig gebruikte speelgoed, kinderboeke en papier wat een kant skoon is. Dit kan by die kerkkantoor afgelaai word, of kontak Annette van Niekerk (083-609-7953)
- **Munte Projek** - Onthou hierdie insameling. Help asseblief om hierdie projek lewendig te hou deur u munte gereeld te skenk. Sodoende sal die aankoop van die Bybels vir kinders in lande waar Christene vervolg, gemartel en tereggestel word, aktief bly. Enige navrae kan aan Dottie Botha (012-548-0863/083-458-8154) gerig word.
- **Weskoppies** – Ons benodig tydskrifte, Afrikaans of Engels. U kan dit by die kerkkantoor afgee. Kontak Carol van Molendorff (012-567-5233).

KOM RAAK BETROKKE

Ons benodig dringend lidmate by die volgende **aktiwiteite** sodat die werk van die Here kan voortgaan:

- **Blommebediening** – Ons nooi lidmate om betrokke te raak by die Blommebediening wat verantwoordelik is vir die blomme tydens eredienste Sondae en ook ander spesiale geleenthede. Ons benodig dringend nuwe lede. Kontak Martie Roome (083-412-8194).
- **Kleingroepe**
  - ❖ **Teedrinkgeleentheid Sondae na eredienste** – dit word eers weer volgende jaar hervat.
  - ❖ **Hulp by teedrinkgeleenthede** – ons benodig dringend die hulp van bestaande selgroepe of enige ander persoon wat bereid is om in 2018 op 'n rotasiebasis Sondae na die eredienste tee te bedien op die stoep. Kontak Janine Joubert (012-548-1245) of stuur 'n e-pos na magaliesklein@telkomsa.net.
  - ❖ **Inskakel by bestaande Kleingroepe** – indien jy belangstel om by 'n bestaande groep in te skakel of 'n nuwe kleingroep te begin, kontak ook vir Janine Joubert om besonderhede van bestaande groepe te kry of die inligting van 'n nuwe groep deur te gee. Ons poog om 'n databasis van die verskillende kleingroepe/selgroepe wat funksioneer op te bou om sodoende makliker met mekaar te kommunikeer.
- **Lindopark Voedingskema** – Ons benodig 'n gewillige persoon om hierdie voedingskema te koördineer vanaf 2018. Vir meer inligting oor wat dit behels, of om betrokke te raak, kontak Isabel le Roux (072-383-2327).
- **Skryfbehoefte- en geskenkpakkie projek** – Daar is ongeveer 1600 kinders in kinderhuise ens. aan wie ons vanjaar 'n skryfbehoefte- en lekkergoedpakkie wil skenk. Die geskatte koste hiervoor is ±R73 000. Ons projek is deel van "Woord en Brood" (Art 18A), as jy graag 'n bydrae wil maak, en 'n belasting voordeel wil ontvang - kontak my dan stuur ek vir jou die nodige besonderhede (dis 'n ander bank rekening). Alternatiewelik, kan bydraes inbetaal word in **ABSA Reknr 913 186 88 49 HG Maré** (takkode 632005) (geen belasting voordeel vir hierdie rekening nie). Gebruik asb die verwysing "**SP**" en **jou kontak no**. Vir meer inligting kontak Gerda Maré (083-300-1320).
- **WhatsApp Gebedsgroep** – Ons gemeente het 'n WhatsApp gebedsgroep wat bid vir lidmate en sake in ons direkte omgewing. Almal bid saam maar op jou eie tyd. Geen "gevleuelde woorde" of gemorspos nie. As jy wil deel word van die groep, SMS jou naam en nommer na ds. Louis Lemmer (082-929-0244).

NIE-GEMEENTELIKE AKTIWITEITE

- **Vakature Uitkoms Versorginsentrum** – Daar is 'n vakature vir die uitvoerende hoof van die Versorgingsentrum. Hierdie persoon moet 'n passie hê vir die versorging van gestremde volwassenes en sal die rol van bestuurder vervul, maar ook verantwoordelik wees vir beplanning, organisering en leidinggewing. Vereistes behels onder meer ouderdom 45 jaar en ouer, tweetalig, naskoolse opvoedkundige kwalifikasie, finansiële- en personeelbestuur. Stuur 'n CV na Die Uitvoerende Hoof, uitkomsversorg@telkomsa.net. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 Desember 2017** en diensaanvaarding geskied op **1 Februarie 2017**.